PASIËNT INLIGTINGSTUK
Inligting vir die Pasiënt oor FLORA FORCE® DANDELION Kapsules

Westerse kruiemedisyne.
Hierdie medisyne kapsules is nie deur die Medisynebeheerraad geëvalueer nie. Hierdie medisyne is nie bedoel om enige siekte te diagnoseer, behandel, genees of te voorkom nie.

SKEDULERINGSTATUS:
Ongeskeduleerd.

EIENDOMSNAAM, STERKTE EN FARMASEUTIESE VORM:
FLORA FORCE® DANDELION kapsules**.**

Lees hierdie inligtingstuk sorgvuldig deur, want dit bevat belangrike inligting vir u. FLORA FORCE® DANDELION kapsules is sonder 'n doktersvoorskrif beskikbaar om geringe siekte te behandel. Nogtans moet u steeds FLORA FORCE® DANDELION kapsules versigtig gebruik om die beste resultate daarvan te verkry.
- **Hou hierdie inligtingstuk, dit mag nodig wees dat u dit weer lees.**
- **Moenie FLORA FORCE® DANDELION kapsules met enige ander persoon deel nie.**
- **Vra u apteker indien u meer inligting of raad benodig.**
- **U moet 'n geregistreerde gesondheidspraktisyn raadpleeg indien u simptome vererger of nie verbeter nie.**

WAT FLORA FORCE® DANDELION KAPSULES BEVAT:
Elke **FLORA FORCE® DANDELION** kapsule bevat:

AKTIEWE BESTANDELE	HOEVEELHEID
Taraxacum officinale wortel- & blaarpoeier	300 mg

Onaktiewe bestandele is plantaardige kapsules.
FLORA FORCE® DANDELION kapsules bevat nie suiker of laktose nie.

WAARVOOR FLORA FORCE® DANDELION KAPSULES GEBRUIK WORD
FLORA FORCE® DANDELION kapsules tradisioneel gebruik om die liggaam se eliminasie funksies te ondersteun.

VOORDAT U FLORA FORCE® DANDELION KAPSULES GEBRUIK:
MOENIE FLORA FORCE® DANDELION kapsules neem NIE:
- Indien u allergies is vir plante in die Asteraceae familie (sien "**Neem spesiale sorg met FLORA FORCE® DANDELION capsules**).
- Indien u obstruksie van die galblaas en of galstene het. (sien "**Neem spesiale sorg met FLORA FORCE® DANDELION kapsules**").
- Indien u 'n bloedingsafwyking het (sien "**Neem spesiale sorg met FLORA FORCE® DANDELION kapsules**").
- Indien u met diabetes gediagnoseer is (sien "**Neem spesiale sorg met FLORA FORCE® DANDELION kapsules**").
- Indien u 'n niergebrek of chroniese lewersiekte het (sien "**Neem spesiale sorg met FLORA FORCE® DANDELION kapsules kapsules**").
- Indien u chirugie moet ondergaan (sien "**Neem spesiale sorg met FLORA FORCE® DANDELION kapsules**").
- Indien u swanger is of moet borsvoed (sien "**Swangerskap en borsvoeding**").

Neem spesiale sorg met FLORA FORCE® DANDELION kapsules:
Bespreek asseblief die gebruik van **FLORA FORCE® DANDELION** kapsules met u apteker of geregistreerde gesondheidspraktisyn indien u:
- Allergies is vir plante in die Asteraceae familie. Spesies van hierdie familie sluit sonneblomme, krisante, goudsbloem, madeliefies en ander kruie in (sien "**MOENIE FLORA FORCE® DANDELION kapsules neem NIE**").
- Aan galbuisobstruksie of galstene ly (sien "**MOENIE FLORA FORCE® DANDELION kapsules neem NIE**").
- Aan 'n bloedingsafwyking ly. Dit mag nodig wees dat u bloedvlakke meer gereeld gemonitor moet word wanneer behandeling met **FLORA FORCE® DANDELION** kapsules begin of gestaak word (sien "**MOENIE FLORA FORCE® DANDELION kapsules neem NIE**").
- 'n Diabeet is. Dit mag nodig wees dat u bloedsuikervlakke meer gereeld gemonitor moet word (sien "**MOENIE FLORA FORCE® DANDELION kapsules neem NIE**").
- 'n Niergebrek of chroniese lewersiekte het. Dit mag nodig wees dat u oksalaat- en kaliumvlakke meer gereeld gemonitor moet word (sien" **MOENIE FLORA FORCE® DANDELION kapsules neem NIE**").
- Wanneer chirurgie beplan word moet **FLORA FORCE® DANDELION** kapsules ten minste 2 weke voor die prosedure gestaak word (sien "**MOENIE FLORA FORCE® DANDELION kapsules neem NIE**").
- Warfarien, enige ander bloedverdunnings- of anti-bloedplaatjiemedisyne gebruik. Dit mag nodig wees dat u INR (Internationale Normale Ratio) vlakke meer gereeld gemonitor moet word wanneer behandeling met **FLORA FORCE® DANDELION** kapsules begin of gestaak word (sien "**Die neem van ander medisyne saam met FLORA FORCE® DANDELION** kapsules").

Die gebruik van **FLORA FORCE® DANDELION** kapsules deur kinders en jongmense onder die ouderdom van 18 jaar, word nie aanbeveel nie (sien "**HOE OM FLORA FORCE® DANDELION KAPSULES TE NEEM**").

Neem FLORA FORCE® DANDELION kapsules met kos en drinkgoed:
FLORA FORCE® DANDELION kapsules behoort na kos en met water geneem te word.

Swangerskap en Borsvoeding:
Die veiligheid van **FLORA FORCE® DANDELION** kapsules gedurende swangerskap en borsvoeding is nie bepaal nie. Vermy die gebruik van **FLORA FORCE® DANDELION** kapsules indien jy swanger is of borsvoed.

Indien u swanger is of u baba borsvoed, raadpleeg asseblief u apteker of geregistreerde gesondheidspraktisyn vir advies voordat u FLORA FORCE® DANDELION kapsules gebruik.

Bestuur en die gebruik van masjinerie:
Geen studies rakende die effek op die vermoë om te bestuur en masjinerie te hanteer, is uitgevoer nie. Dit is onwaarskynlik dat **FLORA FORCE® DANDELION** kapsules u vermoë om te bestuur of masjinerie te hanteer, sal belemmer. U moet egter versigtig wees wanneer u bestuur of masjinerie gebruik, totdat u weet hoe **FLORA FORCE® DANDELION** kapsules u affekteer.

Belangrike informasie omtrent die bestandele van FLORA FORCE® DANDELION kapsules:
FLORA FORCE® DANDELION kapsules is suikervry.

Die neem van ander medisynes saam met FLORA FORCE® DANDELION kapsules:
Stel altyd u apteker of geregistreerde gesondheidspraktisyn in kennis indien u enige ander medisyne gebruik (dit sluit komplimentêre en tradisionele medisyne in).

Bespreek asseblief die gebruik van die volgende medisyne in kombinasie met **FLORA FORCE® DANDELION kapsules** met u apteker of geregistreerde gesondheidspraktisyn:
- Litium vir die behandeling van bipolêre versteuring.

Die dosis van die bogenoemde medisyne moet dalk aangepas word indien dit tesame met **FLORA FORCE® DANDELION** kapsules gebruik word.

Bespreek ook die gebruik van die volgende medisyne in kombinasie met **FLORA FORCE® DANDELION** kapsules met 'n apteker of geregistreerde gesondheidspraktisyn:
- Warfarien, enige ander bloedverdunnings- of anti-bloedplaatjiemedisyne. **FLORA FORCE® DANDELION kapsules** mag potensieel die effek van bloedverdunning verhoog (sien "**Neem spesiale sorg met FLORA FORCE® DANDELION kapsules**").
- Anti-diabetiese medisyne, aangesien **FLORA FORCE® DANDELION** kapsules bloedsuikervlakke verder mag verlaag. Monitor u bloedsuikervlakke gereeld indien u **FLORA FORCE® DANDELION** kapsules en anti-diabetiese medisyne in kombinasie neem.
- Medisyne wat deur die lewer (glucuronidated medisynes) afgebreek word, aangesien **FLORA FORCE® DANDELION** kapsules die absorbsie en effektiwiteit van hierdie medisynes kan beïvloed.
- Medisyne wat deur die lewer (sitochroom P450 1A2 (CYP1A2) substrate) afgebreek word, aangesien **FLORA FORCE® DANDELION** kapsules die effektiwiteit van hierdie medisynes kan verminder.
- Kinoloon antibiotikas, aangesien **FLORA FORCE® DANDELION** kapsules die absorbsie van hierdie antibiotikas kan verlaag.
- Waterpille (kalium sparende diuretika), aangesien **FLORA FORCE® DANDELION** kalium bevat en kalium vlakke in die liggaam verhoog. Dit mag te veel kalium in die liggam veroorsaak.

HOE OM FLORA FORCE® DANDELION KAPSULES TE NEEM:
Moenie jou medisyne met enige iemand anders deel nie.
Neem FLORA FORCE® DANDELION kapsules altyd presies soos aangedui. U moet met u apteker of geregistreerde gesondheidspraktisyn bevestig indien u onseker is.
MOENIE DIE VOORGESKREWE DAAGLIKSE DOSIS OORSKRY NIE.

Volwassenes (18 jaar en ouer):
Neem 1-2 kapsules 2-3 maal daagliks met maaltye of soos voorgeskryf deur u apteker of geregistreerde gesondheidsorgpraktisyn.

Kinders (onder 18 jaar):
Nie aanbeveel vir gebruik nie (sien ook **"Neem spesiale sorg met FLORA FORCE® DANDELION kapsules"**).

FLORA FORCE® DANDELION kapsules mag vir 'n tydperk van tot 12 weke geneem word. Daarna moet 1 week volg waar geen kaspules geneem word nie. Die siklus kan dan weer herhaal word. Indien u enige newe-effekte of ongemak ervaar, raadpleeg 'n apteker of geregistreerde gesondheidsorgpraktisyn.

Indien u meer FLORA FORCE® DANDELION kapsules neem as wat u behoort:
In die geval van oordosering, raadpleeg u apteker of geregistreerde gesondheidspraktisyn. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

Indien u vergeet om FLORA FORCE® DANDELION kapsules te neem:
Neem **FLORA FORCE® DANDELION** kapsules altyd soos aangedui. Indien u 'n dosis vergeet het, neem dit sodra u onthou. Indien u nie die vergete dosis onthou voordat dit tyd is vir die volgende dosis nie, slaan die dosis wat vergeet is oor en keer terug na u gewone doseringskedule van 1-2 kapsules 2-3 maal per dag. Moenie 'n dubbele dosis neem om te vergoed vir die vergete individuele dosisse nie

MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE:
FLORA FORCE® DANDELION kapsules mag newe-effekte veroorsaak
Hierdie inligtingstuk bevat nie al die newe-effekte wat vir FLORA FORCE® DANDELION kapsules aangemeld is nie. Indien u algemene gesondheid agteruitgaan of indien u enige ongewenste effekte ervaar terwyl FLORA FORCE® DANDELION kapsules gebruik word, raadpleeg asseblief u apteker of geregistreerde gesondheidspraktisyn vir advies.

Ernstige newe-effekte wat u (of 'n familielid, indien u nie in staat is om dit te doen nie) onmiddellik aan u apteker of geregistreerde gesondheidspraktisyn moet rapporteer, sluit in:
- 'n Allergiese reaksie wat moontlik gepaard gaan met kortasem, gehyg, galbulte of gejeuk, swelling van die gesig, tong of hele liggaam, of benoudheid in die borskas.
- Tekens van skok, soos lae bloeddruk, vinnnige vlak asemhaling, koue en klam vel, vinnige swak pols, duiseligheid, floute of swakheid.
- Verhoogde bloeding
- Verhoogde of onreelmatige hartkloppings, verlies van bewussyn.
- Tekens van verlaagde bloedsuiker, soos lighoofdigheid, dubbel visie, en verwarring.
- Bloed in urine, pynlike urinering en vermeerde urine-uitskeiding.

Newe effekte wat u so gou as moontlik aan u apteker of geregistreerde gesondheidspraktisyn moet rapporteer:
- Vel wat koud, bleek, rooi of geswel raak.

Newe effekte wat u aan u apteker of geregistreerde gesondheidspraktisyn moet rapporteer indien dit aanhou of kwellend raak, sluit in:
- Gastro-intestinale afwykings soos:
  - Maagongemak, sooibrand, los stoelgange en hardlywigheid,
- Neusverstopping, loopneus, na-nasale drip, nies, rooi oë, jeukerige neus of oë.

Stel asb u apteker of geregistreerde gesondheidspraktisyn in kennis indien u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie ingligtingstuk genoem word nie.

BERGING EN WEGDOENING VAN FLORA FORCE® DANDELION KAPSULES:
Berg teen of benede 25 °C, op 'n droë plek.
Beskerm teen lig.
Moenie die kapsules ná die vervaldatum wat op die verpakkingsmateriaal gedruk is, gebruik nie.
Neem alle ongebruikte kapsules na u apteker terug.
Moenie ongebruikte kapsules in dreine of rioolsisteme (bv. toilette) weggooi nie.
HOU ALLE MEDISYNES BUITE BEREIK VAN KINDERS.

VERPAKKING VAN FLORA FORCE® DANDELION KAPSULES:
60 kapsules verpak in 'n 125ml amber glas bottel met donker groen kleurige skroef deksel met 'n veiligheids seël.

INDENTIFIKASIE VAN FLORA FORCE® DANDELION KAPSULES
Deursigtige, plantaardige kapsule, grootte 0, met groen poeier inhoud.

REGISTRASIENOMMER / VERWYSINGSNOMMER:
Moet ge-allokeer word.

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE REGISTRASIEHOUER:
Flora Force Heath Products (Pty) Ltd.
Unit 3 Regent Park
Bell Crescent
Westlake
Cape Town
South Africa

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE PASIËNTINLIGTINGSTUK:
14/12/2017